WAARSKUWING

SMS en bestuur lei tot onge

Motoriste is 'té gemaklik' om dié oortreding te begaan

JANA BREYTENBACH
Kaapstad

Heelwat meer aandag moet in Suid-Afrika geskenk word aan die gevaar wat die stuur van SMS'e terwyl mense voertuie bestuur, inhou.

Só het Suid-Afrikaanse verkeerskenners gister by navraag gereageer op nuwe navorsing in Amerika wat getoon het dat 515 000 mense verlede jaar daar in ongelukke beseer is en 5 870 gesterf het omdat hul aandag nie op die pad was terwyl hulle SMS'e gestuur het nie.

Soortgelyke statistieke is nie hier beskikbaar nie, maar kenners het daarop gewys dat dit vir motoriste onwettig is om SMS'e te stuur of oor 'n selfoon te praat terwyl jy bestuur.

Volgens mnr. Johann Jonck, ontwikkelaar van die Kom Veilig Daar-webwerf, sal dit goed wees as daar meer navorsing gedoen word om te bepaal hoeveel mense in Suid-Afrika tyd op hul selfone bestee of SMS'e stuur terwyl hulle bestuur.

"Bestuurders sal byvoorbeeld nie drink en bestuur nie, maar hulle is baie gemaklik om tyd op hul selfone te bestee terwyl hul aandag op die pad behoort te wees.

"Daar moet sterker opgetree word teen mense wat SMS'e stuur en op hul selfone praat terwyl hulle bestuur. In sommige lande is dit teen die wet om dit te doen en 'n mens kan tot vyf jaar tronkstraf kry," het Jonck gesê.

Mnr. Stan Bezuidenhout, 'n forensiese deskundige van ongelukstonele, het gesê daar is navorsing wat bewys dat wanneer bestuurders 'n SMS wil tik terwyl hulle bestuur, hulle noodwendig hul spoed verminder om te verhoed dat hulle teen iets vasry. Die gevolg is egter dikwels dat hulle uit hul baan beweeg en ongelukke veroorsaak.

"Bestuurders ry so stadig, en wanneer hulle hul aandag weer op die pad vestig, begin hulle aan die stuurwiel ruk en pluk. Dis dan wanneer ongelukke gebeur."

Hy het gesê wanneer 'n persoon 'n selfoon in 'n motor gebruik, word hy eerder 'n selfoongebruiker as 'n bestuurder.

"Wanneer jou aandag nie op die pad is nie, vermeerder die risiko dat jy in 'n ongeluk betrokke kan word," het Bezuidenhout gesê.

Me. Merle Lourens, woordvoerder van Kaapstad se verkeersafdeling, het bevestig dat 'n boete van R300 opgelê kan word aan iemand wat betrap word dat hy of sy op 'n selfoon praat of 'n SMS stuur terwyl hy/sy bestuur.

ry en klets

Ingevolge 'n wysiging aan die Nasionale Padverkeerswet word die gebruik van kommunikasie-instrumente verbied terwyl 'n persoon 'n voertuig bestuur.

Die wysiging geld vir alle kommunikasie-instrumente, tensy dit tydelik aan die voertuig gemonteer is of permanent aan die voertuig geheg is.

Selfone kan ook aan 'n handvrye toestel gekoppel word sodat die bestuurder nie die selfone hanteer terwyl hy praat nie.

Bron: Provinsiale departement van gemeenskapsveiligheid

GEVAAR VAN BEL EN BESTUUR

Die risiko van 'n bestuurder om 'n ongeluk te veroorsaak word soveel keer vermenigvuldig:



Bron: Kom Veilig Daar

'n gr

Motoris
nie bew
neer hu
♦ Wann
heid op
♦ Terwy
dit verh
♦ Volge
foon ee
♦ As me
indien i
♦ Die ge
naar sit
♦ Mens
■ Bron

Streng op hul

Blinde blits 'n nuwe rekord los